Suid-Afrika buite die Kaapkolonie in die tydperk 1650-1800 – interpretasies van vakhistorici

Pieter de Klerk
Buitengewone Professor (Geskiedenis)
Noordwes Universiteit (Vaaldriehoekkampus)
pieter.deklerk@nwu.ac.za

Abstract

During the period 1650 to 1800 the Dutch colony at the Cape expanded gradually, to include, ultimately, almost the western half of South Africa. Studies about this period in South African history deal mainly with the Cape Colony. Research on developments in the eastern half of South Africa during the same period has been done by archeologists and anthropologists, but also by a small group of historians. In order to have a good understanding of the major trends in South African history, academic historians have to be familiar with developments in the region to the east and the northeast of the Cape Colony before 1800. In this article published texts by professional historians about aspects of the history of the eastern half of South Africa during the period 1650 to 1800 are examined. The article focuses on three issues: the general characteristics of these studies; the importance that historians attach to Western influence on developments in this area; and the integration of these developments by writers of historical overviews within the broader context of general South African history. It is concluded that academic historians have not been able to provide more than a vague outline of the history of this area before 1750. On the period after 1750 more research has been done, and scholars have pointed out that direct and indirect contact with European traders, and also with travellers and invaders with a partially European background, had a strong impact on the Bantu-speaking peoples. The history of the eastern half of South Africa during the period 1650 to 1800 does not figure prominently in recent historical overviews. There are, however, a few notable exeptions. The texts of Van Aswegen, Parsons and Giliomee & Mbenga can be regarded as examples of a new effort to treat developments in the area outside the Cape Colony before 1800 as important elements in describing and interpreting the main trends in the history of South Africa.

Keywords: South African historiography; Early South African history; Precolonial history; Bantu-speaking peoples; Nguni; Sotho.

Inleiding

In die periode 1650-1800 het die Nederlandse kolonie aan die Kaap geleidelik oor 'n al groter deel van Suid-Afrika uitgebrei. Tot 1750 het die kolonie nie veel verder as die Boland gestrek nie en eers teen 1795 het dit ook dele van die Karoo en die kusgebied tot aan die Visrivier omvat. Die grootste gedeelte van Suid-Afrika het dus in hierdie tydperk van 150 jaar buite die Kaapkolonie geval. In baie oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis word, wat die jare tussen 1650 en 1800 betref, egter hoofsaaklik oor die geskiedenis van die Kaapkolonie gehandel.[1] Van die vernaamste studies oor besondere streke of ontwikkelinge in gebiede buite die Kaapkolonie voor 1800 is gelewer deur argeoloë en antropoloë.

Vakhistorici is nie die enigste wetenskaplikes wat die geskiedenis van Suid-Afrika bestudeer nie. Beoefenaars van verskeie dissiplines, soos argeologie, antropologie en historiese taalkunde, lewer veral bydraes oor die aspekte van die geskiedenis waaroor min of geen skriftelike bronne bestaan nie. Interdissiplinêre samewerking is dus nodig om 'n so volledig as moontlike beeld van die geskiedenis te probeer vorm. Die geskiedenis van 'n land vorm 'n samehangende geheel. Faktore uit die vroeë verlede het 'n invloed op latere ontwikkelinge. Daarom moet historici op hoogte wees van kennis gevorm deur ander wetenskaplikes en dit benut in hul interpretasies van groter samehange en ontwikkelingslyne. Vakhistorici is gewoonlik sterker as argeoloë en antropoloë daarop ingestel om faktore aan te dui wat tot historiese verandering gelei het. Verder het vakhistorici 'n besondere kundigheid, veral waar dit kom by die interpretasie van skriftelike bronne en mondelinge oorleweringe, om 'n bydrae tot die bestudering van hierdie gedeelte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te lewer.

1 Daar word dikwels in geskiedwerke na die voorkoloniale tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwys. Die grootste gedeelte van Suid-Afrika is eers in die loop van die negentiende eeu onder die gesag van die Voortrekkers en die Britte gebring. Vir hierdie gebiede was die periode van 1650 tot 1800 dus deel van die voorkoloniale tydperk. Aangesien 'n deel van Suid-Afrika in dieselfde tydperk wel onder koloniale beheer was, word in die artikel gerieflikheidshalwe na die periode 1650-1800, wat die gebied buite die Kaapkolonie betref, as die buitekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika verwys.

In hierdie artikel word gepubliseerde studies, insluitende sintesewerke, van vakhistorici oor die geskiedenis van Suid-Afrika buite die Kaapkolonie[2] in die tydperk 1650 tot 1800 in oënskou geneem.[3] Daar word kortliks aandag gegee aan werke wat voor 1970 verskyn het, en daarna word die interpretasies in resente geskiedwerke van nader bekyk. Eers word 'n beknopte oorsig gebied van die studies wat in druk verskyn het. Daarna word drie aspekte ondersoek: Eerstens, in hoeverre hierdie werke aan die algemene kenmerke van historiese studies voldoen. Tweedens, hoe belangrik die invloed van die Weste, deur handel met die kusgebiede en kontak met die Kaapkolonie en die koloniste, op die mense van die oostelike helfte van Suid-Afrika beskou word. Derdens, in welke mate hierdie geskiedenis deur vakhistorici in die geheel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis geïntegreer word.

Soos verder sal blyk, kom daar, met betrekking tot bogenoemde vraagstukke, interpretasieverskille voor tussen die historici wat intensiewe navorsing oor die vroeë geskiedenis van Bantusprekendes gedoen het. In historiografiese werke word soms na hierdie historici as Afrikaniste verwys. Hoewel ouer geskiedkundiges in die groep, soos LM Thompson, meesal gereken word tot die liberale skool van Suid-Afrikaanse historici en die meeste ander tot die radikale skool, kan die interpretasieverskille nie sonder meer tot ideologiese verskille herlei word nie.[4] In hierdie artikel word dan ook nie ingegaan op filosofiese of ideologiese uitgangspunte wat moontlik 'n invloed op vakhistorici se interpretasies van die vroeë geskiedenis het nie.

Vroeë werke (voor ongeveer 1970)

GM Theal (1837-1919) was argivaris en later ook amptelike geskiedskrywer in diens van die Kaapse koloniale regering.[5] Hy het 'n baie groot aantal historiese

2 Die geskiedenis van Suid-Afrika kan nie geïsoleer word van die geskiedenis van buurstate soos Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland en Mosambiek nie. Daar sal tog gepoog word om net te fokus op die gebiede wat tans deel van Suid-Afrika uitmaak. Verder het, soos hierbo aangedui, die grense van die Kaapkolonie in hierdie periode steeds verder verskuif. Koloniste het soms aanvanklik buite die grense van die kolonie gewoon en is eers later onder die gesag van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (VOC) gebring. Hoewel die hele gebied suid van die Oranjerivier nie voor 1800 deel van die kolonie gevorm het nie, word in hierdie artikel slegs gehandel oor die gebied noord van die Oranjerivier en/of oos van die Visrivier.

3 Oor die interpretasie van die tydperk voor 1650 deur vakhistorici word gehandel in P de Klerk, "Voor 1652 – Vakhistorici se interpretasies van die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis, *New Contree,* 65, 2012, pp. 1-22.

4 Vergelyk C Saunders, *The making of the South African past; Major historians on race and class* (Cape Town, David Philip, 1988), pp. 143-145,182-183; L Thompson, *A history of South Africa* (Johannesburg, Ball, 2001, third edition), p. xi.

5 K Smith, *The changing past; Trends in South African historical writing* (Johannesburg, Southern, 1988), p. 34.

werke gelewer en word as die vernaamste onder die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedskrywers gereken. In sy gesaghebbende werk oor die historiografie verklaar Ken Smith dat "(n)o other historian has stamped his authority on the study of South African history to the same extent as George McCall Theal".[6] In Theal se reeks van elf bande oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor 1884 word daar eintlik net in twee hoofstukke gehandel oor die geskiedenis van Suid-Afrika buite die Kaapkolonie in die periode 1650-1800.[7] Dit is nogtans die vernaamste bydrae wat 'n vakhistorikus in die jare voor 1969 oor hierdie afdeling van die geskiedenis gelewer het.

In hoofstuk 39 van die vierde band, getiteld "History of the Xosa tribe",[8] probeer Theal die vroegste geskiedenis van die Xhosa, tot ongeveer 1800, weergee, en maak daarby gebruik van mondelinge oorleweringe wat hy self na gesprekke met Xhosas opgeteken het.[9] Hy vergelyk hierdie inligting met gegewens uit verslae van Portugese skipbreukelinge en ekspedisies wat deur die VOC-regering na die gebied oos van die Visrivier gestuur is. Uit sy kennis van Bantutale lei hy verder af dat die tale in die oostelike dele van Suidelike Afrika so nou verwant aan mekaar is dat die verskillende groepe[10] nie te lank van mekaar van mekaar geskei kon gewees het nie en in 'n redelike kort tyd oor die gebied moes versprei het.[11] Hy het dus nie net van skriftelike getuienisse gebruik gemaak om die geskiedenis van die Xhosa te probeer rekonstrueer nie. Hy toon aan dat daar noue kontak en ook bloedvermenging tussen Xhosa- en Khoikhoigroepe was en meen dat dit 'n positiewe invloed op die Xhosa moes gehad het. [12] Tog glo hy dat die Xhosa in die tweehonderd jaar voor 1800 geen vooruitgang in kennis of morele waardes gemaak het nie.[13] In hoofstuk 60, "History of the Korana clans and the Betshuana tribes during the eighteenth century",[14] skryf Theal oor Khoikhoigroepe wat vanaf die vroeë Kaapkolonie noordooswaarts, tot oor die Oranjerivier, getrek en

6 K Smith, *The changing past...*, p. 31; vergelyk C Saunders, *The making of the South African past...*, p. 9.

7 GM Theal, *History of South Africa,* Vol. 4 (London, Allen & Unwin, 1922, third edition), pp. 128-158, 385-410. 'n Faksimilee-uitgawe van die reeks is in 1964 deur C Struik, Kaapstad, gepubliseer. Die titel van band 4 is *The Cape Colony to 1795; The Koranas, Bantu & Portuguese in South Africa to 1800.*

8 GM Theal, *History of South Africa,* Vol. 4, pp. 128-158.

9 Theal het in die vroeë fase van sy loopbaan verskeie jare in die Oos-Kaap gewoon, waar hy onder meer as magistraat in diens van die koloniale departement van inboorlingsake opgetree en noue kontak met Xhosagroepe gehad het. K Smith, *The changing past..,* pp. 32-34.

10 Ongelukkig het die term stam tans 'n negatiewe konnotasie onder sommige wetenskaplikes, insluitende verskeie historici wat spesialiseer in Afrikageskiedenis, en daarom word die meer algemene term groep in die artikel gebruik.

11 GM Theal, *History of South Africa,* Vol. 4, pp. 129-130.

12 GM Theal, *History of South Africa,* Vol. 4, p. 158.

13 GM Theal, *History of South Africa,* Vol. 4, p. 157.

14 GM Theal, *History of South Africa,* Vol. 4, pp. 385-410.

daar in botsing met Tswanasprekende groepe gekom het. Oor hierdie groepe word ook heelwat gegewens verskaf, wat verkry is uit verslae van reisigers en die geskrifte van die antropoloog GW Stow. Hy wy verder enkele paragrawe aan die bedrywighede van Adam Kok (I) en sy seun Cornelis, wat as stigters beskou kan word van 'n Griekwastaat[15] in die gebied wat later, wat 'n gedeelte daarvan betref, bekend sou word as Griekwaland-Wes.[16]

Daar is in die eerste helfte van die twintigste eeu heelwat geskryf oor die geskiedenis van Bantusprekende groepe, onder meer deur AT Bryant en JH Soga, wat albei 'n teologiese agtergrond gehad het, maar nie deur vakhistorici nie. Twee akademiese historici wat wel in hierdie periode oor die geskiedenis van die Bantusprekendes en die Khoisan navorsing gedoen het, WM McMillan en JS Marais, gee baie min aandag aan die tydperk voor 1800.[17]

In algemene oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat voor 1969 verskyn het, word weinig meegedeel oor die buitekoloniale geskiedenis voor 1800. In die boek van EA Walker, wat jare lank as 'n standaardoorsig gegeld het,[18] word enkele bladsye gewy aan die migrasie en leefwyse van die Bantusprekende groepe, met besondere aandag aan die Xhosa.[19] Walker was ook die redakteur van 'n versamelwerk oor die geskiedenis van Suider-Afrika, waar hoofsaaklik slegs in 'n hoofstuk oor die "native inhabitants", geskryf deur 'n antropoloog, gehandel word oor die ontwikkelinge in die gebiede buite die Kaapkolonie voor 1800.[20] Ook die Afrikaanse geheeloorsig van AJH van der Walt en andere bevat 'n hoofstuk deur 'n antropoloog, getiteld "Die Suid-Afrikaanse inboorlinge".[21] Albei hoofstukke gee hoofsaaklik 'n statiese beeld van die San, Khoikhoi en Bantusprekendes se samelewingstrukture en

15 Daar het in die sewentiende en agtiende eeue honderde klein politieke eenhede onder die Khoisan- en Bantusprekende gemeenskappe bestaan. Na kleiner eenhede word meesal as hoofmanskappe (*chiefdoms)* verwys. Groter eenhede, waar die hoogste gesag in 'n bepaalde gebied by 'n hoofman of koning geleë was, word deur baie wetenskaplikes state genoem. Wanneer 'n koning of hoofman beheer oor 'n taamlike groot gebied gehad het waarin daar ook ondergeskikte hoofmanne en politieke eenhede was, word die term ryk dikwels gebruik.

16 GM Theal, *History of South Africa,* Vol. 4, pp. 401-402.

17 JS Marais, *The Cape Coloured people, 1652-1937* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1939), bevat, ten spyte van die jaartalle wat in die titel voorkom, net enkele opmerkings oor die geskiedenis van die San, die Khoikhoi en die Griekwa in die gebiede buite die Kaapkolonie in die tydperk voor 1800.

18 K Smith, *The changing past...,* p. 125.

19 EA Walker, *A history of South Africa* (London, Longmans, 1928), pp. 114-120. In die laaste hersiene uitgawe, EA Walker, *A history of Southern Africa* (London, Longmans, 1957), pp. 109-115, kom hierdie gedeelte, met enkele wysigings, nog voor.

20 I Schapera, "The native inhabitants", EA Walker (ed), *The Cambridge history of the British empire,* Vol. 8, *South Africa, Rhodesia and the High Commission Territories* (Cambridge, University Press, 1963, revised edition), pp. 21-50.

21 WM Eiselen, "Die Suid-Afrikaanse inboorlinge", AJH van der Walt, JA Wiid & AL Geyer (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* band 2 (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951), pp. 331-347. In die tweede uitgawe van die werk, wat in 1964 verskyn het, is hierdie hoofstuk, saam met 'n aantal ander hoofstukke, weggelaat.

leefwyse. In die versamelwerk waarvan CFJ Muller die redakteur is, word baie min vermeld oor die geskiedenis van Suid-Afrika buite die Kaapkolonie voor 1800.[22] FA van Jaarsveld verskaf in sy oorsig, "Van Van Riebeeck tot Verwoerd",[23] wel inligting oor die vroeë ontwikkeling van die Khoisan en die Bantusprekende groepe, maar min daarvan het betrekking op buitekoloniale ontwikkelinge in die periode 1650 tot 1800.

Resente werke – algemene oorsig

Die jaar 1969 kan as 'n keerpunt in die bestudering van die voorkoloniale en buitekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika deur vakhistorici beskou word. In hierdie jaar het die oorsigwerk van Wilson & Thompson[24] verskyn, waarin aan hierdie geskiedenis 'n sentrale plek binne die geheel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee word, maar ook is daar in dieselfde jaar 'n versamelwerk gepubliseer wat, onder meer, die resultate van die navorsingswerk van twee historici oor aspekte van die geskiedenis van Suid-Afrika buite die Kaapkolonie bevat.[25] Dit was die eerste van 'n hele aantal publikasies wat in die daaropvolgende jare oor hierdie afdeling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewer is.[26]

22 CFJ Muller (red), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, Academica, 1968). Daar het hersiene uitgawes in 1975 en 1980 verskyn. In die laaste uitgawe skryf Muller dat die "voorraad kontroleerbare feitemateriaal, op skriftelike stukke gegrond," nog te karig is om "nou al 'n gesaghebbende geskiedenis van die nie-blanke te skryf", maar dat nuwe navorsing tot "nuwe perspektiewe i.v.m. die rol van die nie-blanke in algemene Suid-Afrikaanse geskiedenis" behoort te lei. CFJ Muller, "Inleiding", CFJ Muller (red), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, Academica, 1980, derde uitgawe), p. x.

23 FA van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd; 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1969). In die derde uitgawe van die boek, FA van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot PW Botha; 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika* (Johannesburg, Perskor, 1982), is geen veranderinge aangebring wat betref die betrokke hoofstukke nie.

24 M Wilson & L Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa,* Vol. 1 (Oxford, University Press, 1969).

25 M Legassick, "The Sotho-Tswana peoples before 1800", L Thompson (ed), *African societies in Southern Africa* (London, Heinemann, 1969), pp. 86-125; A Smith, "The trade of Delagoa Bay as a factor in Nguni politics, 1750-1835", L Thompson (ed), *African societies in Southern Africa,* pp. 171-189.

26 Reeds in 1965 het 'n artikel verskyn deur CC Saunders, "Early knowledge of the Sotho: Seventeenth and eighteenth century accounts of the Tswana", *Quarterly Bulletin of the South African Library,* 20 (1965), pp. 60-70. Dit bevat egter net 'n samevatting van die verslae van vroeë reisigers, waarvan sommiges hul inligting oor die Tswana van Khoikhoigroepe bekom het, en daar word nie afleidings gemaak oor die geskiedenis van die Tswana in hierdie periode nie. JD Omer-Cooper, *The Zulu aftermath; A nineteenth-century revolution in Bantu Africa* (London, Longman, 1966) is 'n belangrike pionierswerk deur 'n vakhistorikus oor ontwikkelinge onder die Zulu en ander Bantusprekende groepe in Suid-Afrika. Dit bevat egter baie min nuwe navorsingswerk oor die periode voor 1800. Die hoofstuk van S Marks, "The rise of the Zulu kingdom", R Oliver (ed), *The Middle Age of African history* (London, Oxford University Press, 1967), pp. 85-91, is populêr van aard en aanvanklik as radiopraatjie uitgesaai.

Aangesien die gedeelte oor die buitekoloniale geskiedenis voor 1800 in *The Oxford History of South Africa* deur 'n antropoloog, M Wilson, geskryf is, is die hoofstukke van M Legassick en A Smith die eerste resente studies deur vakhistorici oor hierdie tydperk. Smith, wat in die 1960s verbonde was aan die Universiteit van Syracuse in die Verenigde State van Amerika, het op grond van reisverslae en ook van mondelinge oorlewering, die aard en omvang van die handel tussen Maputobaai (voorheen bekend as Delagoabaai) en die binneland van (die huidige) KwaZulu-Natal[27] in die agtiende eeu probeer bepaal en die moontlike gevolge daarvan vir die gebied bespreek. In 'n latere studie maak hy ook enkele opmerkings oor die handel tussen Maputobaai en ander gebiede in Suid-Afrika.[28] Legassick, vroeër professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland, bied op grond van geskrifte van sendelinge en reisigers, asook publikasies van argeoloë en taalkundiges, 'n oorsig van die vroeë geskiedenis van die Sotho- en Tswanasprekende groepe en behandel ook hul verhouding met Khoi-, San- en blanke groepe in die gebied ten noorde van die Kaapkolonie.[29]

In 1970 het twee historici verbonde aan die Londense School of Oriental and African Studies, S Marks en A Atmore, 'n beknopte studie die lig laat sien waarin hulle op grond van linguïstiese en argeologiese gegewens en ook van werke deur Bryant, Soga en ander skrywers, bepaalde konklusies bereik ten opsigte van die sprekers van Ngunitale in Kwazulu-Natal, en onder meer probeer aantoon dat ook groepe wat ander Bantutale gepraat het voor 1800 in die gebied gewoon het.[30] Marks het, saam met R Gray, ook 'n geheeloorsig gelewer van die buitekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika gedurende die sewentiende en agtiende eeue. Dit is nie net gebaseer op publikasies deur

27 Die name van die huidige provinsies word gebruik om gebiede in Suid-Afrika aan te dui wat vroeër onder ander name bekend was, behalwe waar dit toepaslik is om van 'n historiese naam soos Natal of Transvaal gebruik te maak.

28 A Smith, "Delagoa Bay and the trade of South-eastern Africa", R Gray & D Birmingham, *Pre-colonial African trade; Essays on trade in Central and Eastern Africa before 1900* (London, Oxford University Press, 1970), pp. 284-286.

29 M Legassick, "The Sotho-Tswana peoples before 1800", L Thompson (ed), *African societies in Southern Africa;* M Legassick, *The politics of a South African frontier; The Griqua, the Sotho-Tswana and the missionaries, 1780-1840* (Basel, Basler Afrika Bibliographien, 2010). Dit is die publikasie van 'n proefskrif wat reeds in 1969 voltooi is. Anders as die titel suggereer, handel dit oor ontwikkelinge in 'n groter gebied as die direkte grensstreke van die Kaapkolonie.

30 S Marks & A Atmore, "The problem of the Nguni: An examination of the ethnic and linguistic situation in South Africa before the Mfecane", D Dalby, *Language and history in Africa* (London, Frank Cass, 1970), pp. 120-132.

wetenskaplikes van verskeie dissiplines nie, maar ook op gepubliseerde reisverslae en ander dokumente.[31]

Verskeie historici het in die tagtigerjare studies oor die geskiedenis van Bantusprekende groepe onderneem.[32] Dit is duidelik dat hulle min inligting oor die tydperk voor 1800 kon verkry, en die vroeë periode word meesal net in een of twee hoofstukke en soms net in enkele bladsye behandel. J Guy, wat later professor in Geskiedenis was aan die Universiteit van Natal (tans die universiteit van Kwazulu-Natal), bespreek, hoofsaaklik op grond van gepubliseerde bronne en ander wetenskaplike werke, die rol van ekologiese faktore in die ontstaan van groter politieke eenhede in KwaZulu-Natal in die laat agtiende eeu en in die opkoms van Shaka se Zuluryk.[33] P Bonner van die Universiteit van die Witwatersrand se studie is toegespits op Swaziland (tans nie deel van Suid-Afrika nie), maar hy gee ook aandag aan faktore wat gelei het tot konflikte en die ontstaan van groter politieke eenhede onder die noordelike Ngunisprekende groepe.[34]

JB Peires, vroeër van Rhodes-universiteit, was die eerste vakhistorikus om 'n uitgebreide studie oor die geskiedenis van die Xhosa te lewer, waarin begin word by die sewentiende eeu en in enkele hoofstukke aandag gegee word aan ontwikkelinge voor 1800.[35] Sy werk is gebaseer op argiefstukke, reisverslae en 'n groot aantal onderhoude waarin hy onder meer mondelinge oorleweringe wat geslagte ver teruggaan opgeteken het. P Delius, tans professor in Geskiedenis aan die Universiteit van die Witwatersrand, behandel, as deel van 'n groter studie oor die Pedi, in enkele bladsye die vestiging van die Maroteng- of Pediryk in groot dele van die latere Transvaal gedurende die laat agtiende en vroeë negentiende eeue.[36]

---

31 S Marks & R Gray, "Southern Africa and Madagascar", R Gray (ed), *The Cambridge history of Africa,* Vol. 4, *From c.1600 to c.1790* (Cambridge, University Press, 1975), pp. 384-468. Die gedeelte oor die geskiedenis van Suid-Afrika buite die Kaapkolonie beslaan ongeveer 25 bladsye.

32 JB Peires (ed), *Before and after Shaka; Papers in Nguni history* (Grahamstown, Rhodes University, 1981) bevat hoofstukke deur historici soos P Bonner, J Guy, JB Peires en J Wright, wat later, in hersiene vorm, deel geword het van meer uitgebreide studies wat deur hulle gelewer is.

33 J Guy, "Ecological factors in the rise of Shaka and the Zulu kingdom", S Marks & A Atmore, *Economy and society in pre-industrial South Africa* (London, Longman, 1980), pp. 102-119.

34 P Bonner, *Kings, commoners and concessionaires; The evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state* (Johannesburg, Ravan, 1983), pp. 9-26.

35 JB Peires, *The house of Phalo; A history of the Xhosa people in the days of their independence* (Johannesburg, Ravan, 1981); C Saunders & R Derricourt, *Beyond the Cape frontier; Studies in the history of the Transkei and Ciskei* (London, Longman, 1974), bevat 'n hoofstuk oor vestiging in die Transkei en Ciskei voor 1800. Dit is egter nie geskryf deur 'n vakhistorikus nie, maar deur die argeoloog R Derricourt.

36 P Delius, *The land belongs to us; The Pedi polity, the Boers and the British in nineteenth-century Transvaal* (Johannesburg, Ravan, 1983), pp. 11-19.

J Wright, 'n historikus van die Universiteit van Natal, en A Manson, wat later verbonde was aan Noordwes-Universiteit, het in 1983 'n monografie die lig laat sien oor die geskiedenis van die Hlubi wat teen die einde van die agtiende eeu 'n groot gebied, veral in die westelike deel van KwaZulu-Natal, onder hul beheer gehad het. Inligting oor die vroeë geskiedenis van die Hlubi is veral gebaseer op mondelinge getuienisse soos 'n eeu gelede opgeteken deur die regeringsamptenaar J Stuart.[37] Verder verskaf Wright en die antropoloog C Hamilton, op grond van opgetekende getuienisse en wetenskaplike studies, 'n samevatting van, veral, politieke en ekonomiese ontwikkelinge in KwaZulu-Natal gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu.[38]

In 1983 het die historikus J Cobbing die opspraakwekkende stelling gemaak dat die idee van 'n "Zulu explosion" wat die Mfecane aan die gang gesit het 'n mite is wat deur die koloniste geskep is om daarmee te verbloem dat 'n vraag na arbeid en na slawe tot ontwrigting van inheemse gemeenskappe gelei het.[39] Dit het gelei tot heelwat akademiese debat en tot verdere navorsing oor dié ontwikkelinge in die agtiende eeu wat bygedra het tot 'n toename in konflik tussen Bantusprekende groepe en die opkoms van groter politieke eenhede soos die Zuluryk. Hierdie navorsing het veral neerslag gevind in 'n versamelwerk van 1995, wat drie hoofstukke bevat waarin ontwikkelinge in die sewentiende en agtiende eeue behandel word. Wright bespreek politieke veranderinge gedurende die laat agtiende eeu in die gebied suid van die Thukelarivier.[40] Verder toon N Parsons (vroeër hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Botswana) en A Manson in twee aparte hoofstukke aan dat daar reeds heelwat konflik en migrasie in die periode voor die Mfecane in die binneland van Suid-Afrika plaasgevind het.[41] Hulle het publikasies deur argeoloë en antropoloë, mondelinge oorlewering en reisverslae gebruik om 'n beeld van historiese ontwikkelinge te vorm.[42]

37 J Wright & A Manson, *The Hlubi chiefdom in Zululand-Natal; A history* (Ladysmith, Historical Society, 1983).

38 J Wright & C Hamilton, "Traditions and transformations; The Phongolo-Mzimkhulu region in the late eighteenth and early nineteenth centuries", A Duminy & B Guest (eds), *Natal and Zululand from earliest times to 1910; A new history* (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1989), pp. 49-82.

39 C Hamilton, "Introduction", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath; Reconstructive debates in Southern African history* (Johannesburg, University of witwatersrand Press, 1995), p. 1.

40 J Wright, "Political transformations in the Thukela-Mzimkhulu region in the late eighteenth and early nineteenth centuries", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...,* pp. 163-181.

41 N Parsons, "Prelude to *Difaqane* in the interior of Southern Africa*,* c.1600-c.1822", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...*, pp. 323-350; A Manson, "Conflict in the Western Highveld/Southern Kalahari, c.1750-1820", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...,* pp. 351-362.

42 N Parsons, "Prelude to *Difaqane* in the interior of Southern Africa*,* c.1750-1820", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...,* p. 323; A Manson, "Conflict in the Western Highveld/Southern Kalahari, c.1750-1820", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...,* p. 351.

In die afgelope dekade het daar min nuwe publikasies deur vakhistorici oor die geskiedenis van die oostelike helfte van Suid-Afrika voor 1800 verskyn. In 'n artikel deur die Australiese historikus N Etherington word geargumenteer dat argeologiese, skriftelike en mondelinge getuienis daarop dui dat die bestaan van groot politieke eenhede wat moontlik byna die hele KwaZulu-Natal omvat het verder teruggaan as die laat agtiende eeu, waarskynlik reeds tot die sewentiende eeu.[43] Die studie van Wright oor die Nwandwe-koninkryk en die werk van B Mbenga en A Manson (albei van Noordwes-Universiteit) oor die Bafokeng bevat elk net enkele bladsye oor ontwikkelinge voor 1800.[44] Ook in die resente boek van P Landau (van die Universiteit van Maryland) is daar net 'n kort gedeelte oor die ontwikkeling van politieke verhoudinge en stelsels onder die Bantusprekende bevolking van Suid-Afrika gedurende die voor-negentiende-eeuse periode.[45]

Die navorsing wat sedert die 1960s oor die buitekoloniale geskiedenis in die tydperk 1650 tot 1800 gedoen is, is in verskeie oorsigte saamgevat, onder andere dié van P Maylam, JB Peires, HJ van Aswegen, D Denoon, N Parsons, N Etherington en J Wright.[46] Dit blyk daaruit dat, hoewel daar sedert 1970 heelwat meer kennis oor hierdie afdeling van die geskiedenis bekom is, hierdie kennis nog maar baie beperk is, veral oor die periode voor 1750. Historici het, soos hulle gedoen het ten opsigte van die tydperk voor 1650, gebruik gemaak van die werke van argeoloë en antropoloë, maar verslae van reisigers en sendelinge en opgetekende mondelinge oorleweringe het, veral oor die geskiedenis van die laat agtiende eeu, veel meer inligting gebied as oor die heel vroeë periode. Die verandering van die politieke bestel in 1994 het nie gelei tot 'n toename in belangstelling in navorsing oor die buitekoloniale

43 N Etherington, "Were there large states in the coastal regions of Southeast Africa before the rise of the Zulu kingdom?", *History in Africa,* 31, 2004, pp. 157-183.

44 J Wright, "Rediscovering the Nwandwe kingdom", N Swanepoel, A Esterhuysen & P Bonner (eds), *Five hundred years rediscovered; Southern African precedents and prospects* (Johannesburg, Wits University Press, 2008), pp. 224-227; B Mbenga & A Manson, *'People of the dew'; A history of the Bafokeng of Phokeng-Rustenburg region, South Africa, from early times to 2000* (Johannesburg, Jacana, 2010), pp. 1-9.

45 P Landau, *Popular politics in the history of South Africa, 1400-1948* (Cambridge, University Press, 2010), veral pp. 53-59, 72-73.

46 P Maylam, *A history of the African people of South Africa; From the early iron age to the 1970s* (London, Croom Helm, 1986); JB Peires, "Die ontstaan van swart politieke gemeenskappe", T Cameron & SB Spies (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1986), pp. 44-51; HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Pretoria, Academica,. 1989); D Denoon, "Dependence and interdependence: Southern Africa from 1500 to 1800", BA Ogot (ed), *General history of Africa,* Vol. 5, *Africa from the sixteenth to the eighteenth century* (Paris, Unesco, 1992), pp. 683-702; N Parsons, *A new history of Southern Africa* (London, Macmillan, 1993, second edition); N Etherington, *The Great Treks; The transformation of Southern Africa, 1815-1854* (Edinburgh, Pearson Education, 2001); J Wright, "Turbulent times: Political transformations in the north and east, 1760s-1830s", C Hamilton, BK Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa,* Vol. 1, *From earliest times to 1885* (Cambridge, University Press, 2010), pp. 211-252.

geskiedenis nie. Dit is moontlik daaraan te wyte daaraan te wyte dat ander projekte die aandag van historici in beslag geneem het.[47] Waarskynlik is die beskikbare bronne reeds goed benut, maar, soos uit die debat oor die Mfecane blyk, kan nuwe vrae tot ander interpretasies van die beskikbare gegewens lei en dit kan moontlik nog heelwat veranderinge in historici se beeld van die vroeë geskiedenis meebring.

Algemene historiografiese kenmerke

Ten opsigte van die hoofstukke wat die antropoloog Wilson vir *The Oxford history of South Africa* geskryf het, is kritiek uitgespreek dat "a sense of history" ontbreek en dat sy swart gemeenskappe as staties en geïsoleerd uitbeeld.[48] Wat 'n mens in 'n studie van 'n vakhistorikus verwag is dat kontinuïteit en verandering, dus die ontwikkeling van samelewings, aangetoon word en gepoog word om te verklaar waarom daar bepaalde veranderinge plaasgevind het en ook waarom daar moontlik oor lang tydperke baie min verandering was. As bogenoemde werke deur vakhistorici van nader bekyk word, blyk dit dat hulle aan hierdie vereistes voldoen.

In die studies van Smith en Guy[49] word die moontlike oorsake vir die ontstaan van groot politieke eenhede in KwaZulu-Natal in die agtiende eeu, en in besonder die Zuluryk, bespreek, terwyl Bonner asook Wright en Hamilton verskeie bladsye aan dieselfde vraagstuk wy.[50] Parsons en Manson behandel die faktore wat tot migrasies en konflik in die sentrale binneland vanaf ongeveer 1750 gelei het.[51] 'n Ontleding van faktore wat tot veranderinge, veral politieke veranderinge, in die agtiende eeu gelei het, is dus 'n kernelement in verskeie resente werke.

In 'n publikasie soos dié van Marks en Gray speel die bespreking van oorsake 'n minder prominente rol, maar word steeds gefokus op politieke

47 Vergelyk J Wright, "Thinking beyond 'tribal traditions': Reflections on the precolonial archive", *South African Historical Journal,* 62(2), 2010, p. 280.

48 K Smith, *The changing past...*, p. 140; vergelyk C Saunders, *The making of the South African past...*, pp. 154-155.

49 A Smith, "The trade of Delagoa Bay as a factor in Nguni politics, 1750-1835", L Thompson (ed), *African societies in Southern Africa,* pp. 171-189; J Guy, "Ecological factors in the rise of Shaka and the Zulu kingdom", S Marks & A Atmore, *Economy and society in pre-industrial South Africa*, pp. 102-119.

50 P Bonner, *Kings, commoners and concessionaires...*, pp. 14-26; J Wright & C Hamilton, "Traditions and transformations; The Phongolo-Mzimkhulu region in the late eighteenth and early nineteenth centuries", A Duminy & B Guest (eds), *Natal and Zululand from earliest times to 1910...*, pp. 59-74.

51 N Parsons, "Prelude to *Difaqane* in the interior of Southern Africa, c.1750-1820", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...,* pp. 338-349; A Manson, "Conflict in the Western Highveld/Southern Kalahari, c.1750-1820", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...,* pp. 356-361.

en ekonomiese veranderinge.[52] Daar kom wel heelwat feitelike inligting voor oor die splitsing van bepaalde politieke eenhede in kleiner hoofmanskappe en botsings tussen verskillende groepe. In werke soos dié van Maylam, Van Aswegen en Parsons is daar selfs nog meer gegewens van hierdie aard.[53] Deur so 'n opstapeling van feite word die gevaar geloop dat kroniekskrywing in plaas van werklike geskiedskrywing plaasvind. Vir iemand wat nie diep ingegrawe is in die geskiedenis van die Bantusprekende groepe nie is dit dan moeilik om steeds die groter ontwikkelingslyne te onderskei. Die benadering van Landau[54] om algemene aspekte van die ontwikkeling van politieke verhoudinge en stelsels uit te lig dui op nuwe moontlikhede om die vroeë geskiedenis van hierdie groepe sinvol te interpreteer. Lang beskrywings van samelewingstrukture, godsdienstige praktyke, ensovoorts, wat kenmerkend is van antropologiese werke, kom selde in die onlangse gespesialiseerde studies deur vakhistorici voor. Peires wy 'n hoofstuk aan die verhouding tussen hoofmanne en onderdane in die tradisionele Xhosasamelewing, maar dit vorm 'n klein onderdeel van die boek.[55] Hy probeer in die hoofstuk ook verduidelik hoe die Xhosa ander groepe in 'n netwerk van sosiale verhoudinge ingetrek het, sodat hulle by die Xhosastaat ingeskakel en die steeds verdere uitbreiding van die Xhosakoninkryk moontlik gemaak is, maar dat hierdie stelsel nie meer toegepas kon word toe hulle met die blanke koloniste in aanraking gekom het nie.[56] In slegs in enkele van die groot aantal resente oorsigwerke deur vakhistorici, wat in 'n volgende afdeling van nader bekyk sal word, word heelwat inligting oor die algemene samelewingstruktuur van die Bantusprekende groepe verskaf.[57]

Westerse invloed op ontwikkelinge buite die Kaapkolonie

Die eerste Portugese seevaarders het suidelike Afrika in die laat vyftiende eeu bereik. Dit het gelei tot die vestiging van verskeie Portugese handelsposte in die suidwestelike en suidoostelike kusgebiede (vandag die kusgebiede van Angola en Mosambiek), maar ook tot die koms van Nederlandse, Engelse

52 S Marks & R Gray, "Southern Africa and Madagascar", R Gray (ed), *The Cambridge history of Africa, ..*, pp. 384-468.

53 P Maylam, *A history of the African people of South Africa...* veral pp. 25-53; HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854,* pp. 58-75; N Parsons, *A new history of Southern Africa,* pp. 34-50.

54 P Landau, *Popular politics in the history of South Africa....*

55 JB Peires, *The house of Phalo...,* pp. 27-44.

56 JB Peires, *The house of Phalo...,* veral pp. 42-44.

57 Veral P Maylam, *A history of the African people of South Africa...;* HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854.*

en Franse handelaars wat die Portugese hawens vir hul aktiwiteite gebruik het.[58] Deur direkte en indirekte kontak met die Westerlinge het inheemse landbouers gewasse soos mielies, wat vroeër in Afrika onbekend was, begin verbou. Verder wou Westerse handelaars ware soos koper, yster en ivoor,[59] wat in die binneland van Suider-Afrika beskikbaar was, bekom en is dit verruil vir produkte wat uit ander wêrelddele afkomstig was. Die koms van die Westerlinge het tot die ontstaan van nuwe handelspatrone gelei, alhoewel die binnelandse handel hoofsaaklik deur inwoners van Afrika bedryf is.[60] In 1652 is die Nederlandse verversingspos aan die Kaap gestig en groot dele van Suid-Afrika het voor die einde van die agtiende eeu deel van die Kaapkolonie geword. Ook het reisigers, handelaars en groepe wat afstammelinge was van koloniste, slawe en Khoisan binne die Kaapkolonie oor die grense van die kolonie beweeg. Dit blyk uit die studies van vakhistorici dat al hierdie ontwikkelinge 'n ingrypende invloed gehad het op die inwoners van Suid-Afrika wat in die periode 1650-1800 buite die Kaapkolonie geleef het. Daar is egter interpretasieverskille wat betref die aard en omvang van hierdie invloed.

Alan Smith is van mening dat die ivoorhandel met Maputobaai veral 'n belangrike rol gespeel het in politieke ontwikkelinge in Kwazulu-Natal gedurende die agtiende eeu. Die Tsongagroepe, onder meer die Tembe, wat naby Maputobaai gewoon het, het die handel probeer beheer en dit het gelei tot konflikte met Ngunisprekende groepe soos die Ngwane en die Nwandwe, wat teen die einde van die agtiende eeu die monopolie van die Tembe verbreek het. Die handel het dus gelei tot die ontstaan van groter militarisme onder hierdie groepe. Ook het die rykdom wat uit die handel verkry is hoofmanne in staat gestel om hul ondersteuners te beloon en hul mag te vergroot. Handel was dan ook 'n belangrike faktor in die opkoms van groot politieke eenhede

58 Van 1721 tot 1730 het Nederlanders die hawe van Maputobaai beheer en in 1777 was 'n maatskappy van Trieste, wat toe deel was van Oostenryk (ook bekend as die Habsburgse Ryk), in besit van die hawe, voordat dit deur die Portugese herower is. A Smith, "The trade of Delagoa Bay as a factor in Nguni politics, 1750-1835", L Thompson (ed), *African societies in Southern Africa,* pp. 173-174.

59 Daar was weinig sprake van slawehandel in Maputobaai voor 1800. Vergelyk EA Eldredge, "Delagoa Bay and the hinterland in the early nineteenth century: Politics, trade, slaves, and slave raiding", EA Eldredge & F Morton, *Slavery in South Africa; Captive labor on the Dutch frontier* (Boulder, Westview, 1994), pp. 127-128; J Wright, "Turbulent times: Political transformations in the north and east, 1760s-1830s", C Hamilton, BK Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa,* Vol. 1, *From earliest times to 1885,* p. 224.

60 Voor die koms van die Portugese was daar handelsposte aan die ooskus van Afrika tot sover suid as Sofala waar veral Arabies- en Swahilisprekende handelaars gevestig was. Daar was waarskynlik reeds so vroeg as die vyfde eeu handelskontak tussen hierdie poste en die mense wat in die gebied suid van die Limpopo gewoon het, maar, aangesien die handelaars aan die kus baie handelsware in meer noordelike gebiede kon verkry, was daar blykbaar oor die algemeen maar baie min handel tussen die ooskus en die inwoners van Suid-Afrika. Vergelyk D Denoon, "Dependence and interdependence: Southern Africa from 1500 to 1800", BA Ogot (ed), *General history of Africa,* Vol. 5, *Africa from the sixteenth to the eighteenth century,* p. 684; N Parsons, *A new history of Southern Africa,* p. 27.

in die tweede helfte van die agtiende eeu en uiteindelik van die Zuluryk in die vroeë negentiende eeu.[61] Bonner glo eweneens dat toename in handel 'n belangrike rol gespeel het in die ontstaan van groter politieke eenhede, maar op 'n meer indirekte manier, omdat dit die arbeidsverdeling en daarmee die hele samelewingstruktuur beïnvloed het en onder meer tot groter mag vir hoofmanne gelei het.[62] Wright en Hamilton sluit hierby aan. Hulle verwerp die beskouing van Guy dat ekologiese faktore die vernaamste rede was vir konflik en die opkoms van groter politieke eenhede. Wright en Hamilton meen dat konflikte oor die beheer van ivoor en die ivoorhandel gelei het tot die ontstaan van die *amabutho,* georganiseerde groepe jong mans wat al meer gemilitariseerd geraak het en deur hoofmanne gebruik is om olifante te jag en ook om hul gesag oor meer mense en gebiede te vestig. Teen die einde van die agtiende eeu het die vraag na ivoor onder internasionale handelaars in Maputobaai afgeneem en het daar 'n groter vraag ontstaan na beeste om te verhandel. Dit het konflikte oor beeste en weivelde laat toeneem. 'n Droogte in die vroeë negentiende eeu het gelei tot meer botsings, veral tussen die Mthethwa en die Nwandwe, en die uiteindelike opkoms van die Zuluryk.[63]

Etherington verwys na getuienisse wat daarop dui dat daar moontlik al in die sewentiende eeu 'n groot politieke eenheid in KwaZulu-Natal bestaan het. Hy erken dat die gegewens te min is om 'n definitiewe afleiding in hierdie verband te maak, maar meen dat daar ook nie genoeg gegewens is om te aanvaar dat geen staat so groot soos die Zuluryk een of twee eeue vroeër kon bestaan het nie. Faktore wat historici identifiseer om die ontwikkeling van state in die laat agtiende en vroeë negentiende eeue te verklaar neem nie die moontlike kontinuïteit van groot politieke eenhede oor 'n lang tydperk in ag nie.[64] Wright meen dat daar nie voldoende inligting is wat op die bestaan van so 'n staat dui nie en dat mondelinge oorlewering die ontstaan van groter politieke eenhede in die tweede helfte van die laat agtiende eeu bevestig. Hy beklemtoon ook in sy werk van 2010 die rol wat handel met Maputobaai in hierdie ontwikkelinge gespeel het.[65]

---

61 A Smith, "The trade of Delagoa Bay as a factor in Nguni politics, 1750-1835", L Thompson (ed), *African societies in Southern Africa,* pp. 181-189.

62 P Bonner, *Kings, commoners and concessionaires...*,pp. 21-26.

63 J Wright & C Hamilton, "Traditions and transformations; The Phongolo-Mzimkhulu region in the late eighteenth and early nineteenth centuries", A Duminy & B Guest (eds), *Natal and Zululand from earliest times to 1910...,* pp. 61-69.

64 N Etherington, "Were there large states in the coastal regions of Southeast Africa before the rise of the Zulu kingdom?", *History in Africa,* 31, 2004, pp. 180-183.

65 Vergelyk J Wright, "Turbulent times: Political transformations in the north and east, 1760s-1830s", C Hamilton, BK Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa,* Vol. 1, *From earliest times to 1885,* pp. 220-225.

In die streke wat noordwes van die Drakensberge geleë is, is die Maroteng- of Pediryk in die laat agtiende en vroeë negentiende eeue gevestig. Daar was in hierdie gebied gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu 'n toename in konflik. Volgens Delius het verskeie faktore hierby 'n rol gespeel, waarvan een waarskynlik handel met die Europeërs van Inhambane en Maputobaai was. Sommige hoofmanne het gepoog om meer beheer oor handelsgoedere te verkry en in botsing met naburige groepe gekom. Teen die einde van die agtiende eeu was daar 'n afname in handel wat juis daartoe kon gelei het dat hoofmanne soos Tulare van die Maroteng strooptogte uitgevoer het om hul beheer oor die krimpende handel te versterk.[66]

Wat die gebied suidwes van die Drakensberge betref, het ontwikkelinge in die Kaapkolonie die Sotho-Tswanagroepe wat daar woonagtig was op verskillende wyses beïnvloed. Volgens Legassick was daar reeds vroeg in die agtiende eeu rondom die Oranjerivier, dus in die suidelike randstreek van die gebied wat deur die Sotho-Tswana bewoon is, Khoikhoigroepe, bekend as die Nama en die Kora, wat waarskynlik noordwaarts verhuis het nadat hul vroeëre woongebiede deur Europese koloniste binnegedring is. Die feit dat die bevolking van die gebied noord van die Oranje vermeerder het, het bygedra tot die disintegrasie van die Rolongstaat, wat aanvanklik beheer oor verskillende Bantusprekende groepe gehad het. Ook was daar nou meer kulturele interaksie tussen die Khoikhoi en die Bantusprekendes.[67] Mense van gemengde herkoms (dit wil sê van Khoikhoi-, San-, slawe- en/of Europese afkoms), bekend as Basters, asook Oorlams, dit wil sê Khoikhoi wat aspekte van die Westerse leefwyse oorgeneem het, en ook Europese koloniste het in die laat agtiende eeu na die gebied noord van die Oranje getrek (tans Namibië, die Noord-Kaap en die Vrystaat) en daar onder meer strooptogte op Khoikhoi- en Bantusprekende groepe gedoen.[68] Verder is die ontwikkeling van die Sotho-Tswanagroepe beïnvloed deur handelsroetes wat moontlik al in die laat agtiende eeu met die Portugese handelsposte in Angola en Mosambiek bestaan het. Leiers van groepe wat toegang gehad het tot goedere wat verhandel kon word se posisie is deur die handel versterk en hulle kon sodoende hul mag oor groter gebiede vestig.[69]

Parsons en Manson sluit by hierdie beskouing aan. Parsons gee 'n oorsig van konflikte en migrasies wat sedert die sewentiende eeu in die binneland

66 P Delius, *The land belongs to us...*, pp. 18-19.
67 M Legassick, *The politics of a South African frontier...,* pp. 19, 30, 34.
68 M Legassick, *The politics of a South African frontier...,* pp. 58-60.
69 M Legassick, *The politics of a South African frontier...,* pp. 27-28.

van Suid-Afrika voorgekom het. Hy meen dat migrasies waarskynlik veral daarop gerig was om beter toegang tot handel en handelsroetes te verkry, maar wys ook daarop dat mondelinge oorleweringe eerder politieke konflikte, veral oor leierskap, as oorsaak aandui.[70] Die verspreiding van mielies as 'n landbougewas na die binneland van Suider-Afrika het moontlik tot meer voedsel en 'n toename in die bevolking gelei, wat weer tot die ontstaan van groot statte (of stede) en nuwe state gelei het, maar die gegewens hieroor is nie baie volledig nie. Meer effektiewe politieke organisasie en beter beheer oor arbeid en die aanhou van beeste was moontlik ook 'n belangrike faktor wat tot hierdie ontwikkelinge gelei het.[71] Hy bespreek die rol wat handel met die kusgebiede moontlik gespeel het, maar meen dat veral die ontwikkelinge in die Kaapkolonie tot groter handel in die gebied ten noorde daarvan gelei en tot konflik tussen die Kora en die Rolong bygedra het.[72] Parsons kom tot die gevolgtrekking dat daar in die laaste dekades van die agtiende eeu, dus voor die Mfecane, heelwat veranderinge in die binneland plaasgevind het wat moontlik deur die koms van Europese handelaars en invallers verhaas is.[73] In die studie van Manson word ook 'n oorsig gegee van konflikte in die sentrale binneland in die tweede helfte van die agtiende eeu. Hy identifiseer daarna 'n hele aantal oorsake vir hierdie botsings, waarvan een is dat groepe in groter mate as voorheen gepoog het om hul veebesit te vergroot. Dit hang waarskynlik saam met 'n toename in die Tswanasprekende bevolking, wat weer deur die beskikbaarheid van meer voedsel veroorsaak is, maar die begeerte om meer vee te bekom is ook daardeur veroorsaak dat die vee vir handelsgoedere verruil kon word. Reeds voor die negentiende eeu het die Tswana handel gedryf met Maputobaai, maar ook met groepe in Namibië en die Kora aan die Oranjerivier. Groepe het met mekaar in botsing gekom om toegang tot handelsroetes te verkry en ook om handelsgoedere te bekom. 'n Skielike toename in die vraag na ivoor vir handelsdoeleindes het gelei het tot meer kompetisie en konflik na ongeveer 1780. [74]

70 N Parsons, "Prelude to *Difaqane in the interior of Southern Africa,* c.1600-c.1822, C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...*, p. 330.

71 N Parsons, "Prelude to *Difaqane* in the interior of Southern Africa, c.1600-c.1822", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...*, p. 338.

72 N Parsons, "Prelude to *Difaqane* in the interior of Southern Africa, c.1600-c.1822", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...*, p. 344.

73 N Parsons, "Prelude to *Difaqane* in the interior of Southern Africa, c.1600-c.1822", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...*, p. 348.

74 A Manson, "Conflict in the Western Highveld/Southern Kalahari, c.1750-1820", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...,* pp. 356-358.

Volgens Marks en Gray was die Xhosa reeds in die sewentiende en agtiende eeue betrokke by handelsnetwerke wat ooswaarts tot Maputobaai gestrek het maar ook weswaarts tot in die Kaapkolonie. Die uitbreiding van die Xhosa oor 'n gebied wat al verder weswaarts gestrek het, het moontlik met die aantrekkingskrag van nuwe handelsroetes te make, maar daar bestaan nie genoeg gegewens om so 'n aanname te staaf nie.[75] Peires dui nie handel met Europeërs as 'n faktor in die uitbreiding van die Xhosastaat aan nie. Hy wys wel daarop dat koloniste wat gedurende die agtiende eeu vanaf die Kaapkolonie die gebied van die Xhosa bereik het soms betrokke geraak het by interne twiste tussen Xhosahoofmanne, maar ook dat die Xhosa die eerste Bantusprekende groep was om direk in botsing te kom met die koloniste en die koloniale owerheid. In die laat agtiende eeu het 'n grensoorlog, die eerste van 'n lang reeks, tussen die Xhosa en die koloniale regering uitgebreek.[76]

Dit blyk dat die meeste vakhistorici handel tussen Bantusprekende groepe en Europeërs, wat al in die sestiende eeu begin het, maar daarna geleidelik toegeneem het, sien as 'n kernfaktor, soms as die vernaamste faktor, in die toename in konflik en migrasies onder hierdie groepe gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu en in die totstandkoming van groot politieke eenhede in die laaste dekades van die eeu. Alhoewel daar deur latere historici minder klem geplaas word op die vind van oorsake vir die opkoms van die Zuluryk en die Mfecane, is die veranderinge van die agtiende eeu tog duidelik 'n voorspel tot die groot omwentelinge van die negentiende eeu. Handel het nie net politieke en ekonomiese vranderinge meegebring nie, maar ook die samelewingstruktuur beïnvloed, soos onder meer blyk uit die ontstaan van die *amabutho.* Die geskiedenis van die gebiede buite die Kaapkolonie gedurende, veral, die tweede helfte van die agtiende eeu staan volgens hierdie historici eintlik reeds in die teken van die Westerse beïnvloeding en kolonisering van Suid-Afrika. Die rol van handel met die Portugese hawens is volgens hulle van net soveel of moontlik van groter belang, as die invloed van die Kaapkolonie, wat hoofsaaklik beperk was tot omliggende gebiede, dit wil sê die huidige Oos-Kaap, Vrystaat en Noord-Kaap. Daar moet in gedagte gehou word dat die aantal beskikbare bronne baie beperk is en dat 'n groot deel daarvan geskrifte van Westerse oorsprong is,[77] sodat daar moontlik onvoldoende kennis bestaan oor belangrike ontwikkelinge wat nie met Westerse invloed te make het nie.

75 S Marks & R Gray, "Southern Africa and Madagascar", R Gray (ed), *The Cambridge history of Africa,* Vol. 4, *From c.1600 to c.1790*, p. 437.

76 JB Peires, *The house of Phalo...,* pp. 53-58.

77 Vergelyk J Wright, "Thinking beyond 'tribal traditions': Reflections on the precolonial archive", *South African Historical Journal,* 62(2), 2010, pp. 268-286.

Dit kan meebring dat die impak van die Weste op die breë ontwikkeling van die samelewings in die oostelike helfte van Suid-Afrika voor 1800 groter lyk as wat dit werklik was. Verder blyk dit dat daar oor die geskiedenis voor 1750 baie min bekend is en dat die invloed van die Weste in hierdie periode in elk geval veel kleiner was.

Die integrasie van die buitekoloniale geskiedenis in 'n groter geheel

Meer as die helfte van die resente studies oor die buitekoloniale geskiedenis in die periode 1650 is gepubliseer as artikels in vaktydskrifte of hoofstukke in versamelwerke. Daar is ook 'n aantal boeke waarin die gedeelte oor die periode voor 1800 in die eerste hoofstukke of afdelings behandel word. Onder hulle is daar studies oor die Xhosa, die Pedi, die Swazi, die Hlubi en die Bafokeng waarin hoofsaaklik oor ontwikkelinge van die negentiende eeu en hierdie groepe se verhouding met die Europese koloniseerders gehandel word.[78] Die gedeelte oor die tydperk na 1800 sluit in die werke direk by die afdelings oor die vroeë geskiedenis aan. In die oorsigwerk van P Maylam oor die geskiedenis van al die Bantusprekende groepe in Suid-Afrika[79] word die periode 1650 tot 1800 goed binne die konteks van die groter geheel geplaas, hoewel die gedeelte net ongeveer 10% van die totale inhoud beslaan.

Om die wyse waarop vakhistorici die buitekoloniale geskiedenis in die groter geheel van die geskiedenis integreer te bekyk, moet veral aan oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis aandag gegee word. Die werk van Wilson & Thompson,[80] wat verskyn het in 1969, moet hier genoem word omdat dit die eerste oorsig is waarin heelwat aandag aan die vroeë geskiedenis van die Bantusprekendes gegee word, al is die hoofstukke oor hierdie geskiedenis nie deur 'n vakhistorikus geskryf nie. Daar is drie hoofstukke (wat saam byna 'n derde van die eerste band beslaan) oor die geskiedenis van die Khoisan, Nguni en Sotho tot in die negentiende eeu, maar tydperke word nie duidelik afgebaken nie en daar is nie 'n gedeelte wat spesifiek oor die periode 1650-1800 handel nie. Die gesaghebbende oorsigwerk van R Davenport, waarvan die eerste uitgawe in 1977 gepubliseer is, bevat daarenteen slegs enkele bladsye oor die buitekoloniale geskiedenis. In die eerste hoofstuk, getiteld "From the

78 JB Peires, *The house of Phalo* ...; P Delius, *The land belongs to us*...; P Bonner, *Kings, commoners and concessionaires..;* J Wright & A Manson, *The Hlubi chiefdom...;* B Mbenga & A Manson, '*People of the dew*'...

79 P Maylam, *A history of the African people of South Africa*...

80 M Wilson & L Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa.*

dawn of history to the time of troubles", is daar 'n aantal paragrawe oor die vroeë handel tussen Maputobaai en die binneland van Suid-Afrika en die moontlike oorsake van die Mfecane waarby ontwikkelinge in die laat agtiende eeu ter sprake kom.[81] In hierdie boek vorm die buitekoloniale geskiedenis gedurende die betrokke tydperk dus 'n baie klein onderdeel (minder as 1%) van die geheeloorsig.

Van al die sintesewerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis bied HJ van Aswegen in sy *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (1989) die mees omvattende oorsig oor die buitekoloniale geskiedenis tussen 1650 en 1800.[82] Die boek is verdeel in elf hoofstukke, waarvan die vierde een (wat ongeveer twintig bladsye beslaan) getiteld is "Die Bantoesprekende gemeenskappe in Suid-Afrika tot omstreeks 1800". Daar word in die inleiding van die hoofstuk aangesluit by opmerkings oor ontwikkelinge in die laat ystertyd wat in die vorige hoofstuk gemaak is. Hoofstuk 4 bevat afdelings en onderafdelings oor die geskiedenis van 'n hele aantal Bantusprekende groepe, terwyl die politieke en sosiale organisasie van die Nguni en Sotho ook in aparte afdelings behandel word. Soos Maylam bespreek hy die oorsake vir die ontstaan van groter politieke eenhede onder die Noord-Nguni. Na vyf verdere hoofstukke wat handel oor die Kaapkolonie, volg daar 'n hoofstuk oor die ontwikkelinge in die binneland van Suid-Afrika tussen 1800 en 1835, met afdelings oor, onder meer, die ryk van Shaka en die Mfecane, waarby lyne vanaf die periode voor 1800, soos behandel in hoofstuk 4, deurgetrek word. Van Aswegen bied 'n baie feitelike oorsig, maar daar is tog ook besprekings van besondere vraagstukke waarby verwys word na verskillende interpretasies. Die buitekoloniale periode 1650-1800 word dus goed ingeskakel by 'n sistematiese oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot die middel van die negentiende eeu.

N Parsons, een van die vakhistorici wat navorsing gedoen het oor die Bantusprekende gemeenskappe in die tydperk voor 1800, is ook die outeur van 'n geheeloorsig oor die geskiedenis van Suider-Afrika.[83] Die boek is verdeel in drie hoofafdelings. Die eerste een "The peopling of Southern Africa", wat die tydperk voor ongeveer 1830 omvat, beslaan ongeveer 90 bladsye (meer as 'n kwart van die boek). Dit bevat ses hoofstukke, waarvan die tweede en derde 'n

81 R Davenport, *South Africa; A modern history* (Johannesburg, Macmillan, 1977), pp. 8-11. In latere uitgawes is daar wysigings aangebring waarby na nuwere teorieë verwys word, maar die lengte van die gedeelte, wat nie 'n aparte afdeling vorm nie, het ongeveer dieselfde gebly. In die laaste uitgawe, R Davenport & C Saunders, *South Africa; A modern history* (Johannesburg, Macmillan, 2000), word hierdie kwessies bespreek op pp. 13-17.

82 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854.*

83 N Parsons, *A new history of Southern Africa.*

oorsig bied van die laat ystertydperk. Dit sluit historiese ontwikkelinge vanaf die elfde eeu in, maar die grootste gedeelte van hierdie hoofstukke handel tog oor die sewentiende en agtiende eeue. Die geskiedenis van Bantusprekende groepe en politieke eenhede van die hele Suider-Afrika (insluitende Namibië, Botswana, Zimbabwe en Mosambiek) word behandel, met afdelings oor, onder meer, die Noord-Nguni, Suid-Nguni, Lobedu, Singo, Pedi, Hurutshe, Kwena, Fokeng, Kgatla, Tlokwa en Rolong. Hy bespreek ook die oorsake en verloop van konflikte tussen Sotho-Tswanagroepe in die periode 1770-1820. Eers in 'n volgende hoofstuk, oor die Mfecane, kom die faktore wat tot hierdie omwenteling gelei het en ook die Nwandwe- en Mthethwakoninkryke van die laat agtiende eeu aan die beurt. Anders as in die werk van Van Aswegen is daar net een kort hoofstuk oor die Kaapkolonie voor 1800 en handel die eerste hoofafdeling grotendeels oor die geskiedenis van die Bantusprekende bevolking, waarby, te midde van baie gegewens oor 'n groot aantal groepe en politieke eenhede, tog ontwikkelingslyne vanaf die vroegste tye tot in die negentiende eeu deurgetrek word. Parsons handel oor 'n veel groter gebied as Suid-Afrika en die gedeelte oor die buitekoloniale tydperk in Suid-Afrika van 1650 tot 1800 beslaan net sowat twintig bladsye. Hy bied wel meer resente inligting, maar nie 'n uitgebreider oorsig as Van Aswegen nie.

Twee ander spesialiste op die terrein van die geskiedenis van die Bantusprekendes, JD Omer-Cooper en L Thompson, het sintesewerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewer. Albei verskaf slegs 'n kort algemene oorsig oor die vroeë geskiedenis van die Bantusprekende groepe met baie min verwysings na besondere ontwikkelinge in die periode 1650-1800.[84] Hierdie opmerkings geld ook vir die beknopte oorsigwerk van R Ross.[85]

Daar het sedert 1980 vyf wetenskaplike versamelwerke verskyn waarin 'n geheeloorsig van die Suid-Afrikaanse gerskiedenis gebied word. Die twee vroegste werke bevat kort afdelings van sowat ses bladsye oor die Bantusprekende groepe in die periode voor 1800.[86] In die werk van F Pretorius en andere word nog minder aandag aan hierdie afdeling van die geskiedenis gewy.[87]

84 JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa* (Cape Town, David Philip, 1994, second edition); L Thompson, *A history of South Africa.*

85 R Ross, *A concise history of South Africa* (Cambridge, University Press, 2008, second edition).

86 JB Peires, "Die ontstaan van swart politieke gemeenskappe", T Cameron & SB Spies (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika...,* pp. 44-51; Reader's Digest (publisher), *Reader's Digest illustrated history of South Africa; the real story* (Cape Town, Reader's Digest, 1988), pp. 62-67.

87 F Pretorius (red), *Geskiedenis van Suid-Afrika; Van voortye tot vandag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012).

Die tweede en derde hoofstukke van *The Cambridge History of South Africa,*[88] wat handel oor die vroeë geskiedenis, is deur die argeoloë J Parkington en S Hall geskryf. Hall behandel in sy hoofstuk oor landbougemeenskappe van die tweede millennium[89] die vroeë ontwikkeling van Bantusprekende groepe en ook die verskynsel van toenemende politieke sentralisasie in die agtiende eeu. Dit oorvleuel met die hoofstuk van Wright oor politieke veranderinge onder Bantusprekende groepe in die periode 1760 tot 1830.[90] Wright doen geen verwysings in sy hoofstuk na die een van Hall nie. Dit is jammer dat hier nie meer koördinasie was nie. Indien Hall en Wright saam 'n hoofstuk aangepak het, kon dit die omvattendste oorsig oor die buitekoloniale geskiedenis in die periode 1650-1800 gewees het. Wright wy net dertien bladsye aan ontwikkelinge tussen 1760 en 1810, wat tog die deeglikste resente samevatting oor die ontwikkelinge in hierdie periode is. In die tweede gedeelte van die hoofstuk, wat oor die periode tot in die 1830s handel, sluit hy direk by die eerste afdeling aan. In die algemeen word daar in hierdie oorsigwerk dus heelwat aandag gegee aan die buitekoloniale geskiedenis voor 1800. Soos die geval is met baie versamelwerke met hoofstukke deur verskillende skrywers kom groter ontwikkelingslyne egter nie goed na vore nie en daar word nie 'n duidelike eenheidsbeeld gebied van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die plek van die periode 1650-1800 buite die Kaapkolonie binne die groter geheel nie.

Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika[91] is die mees beknopte van die vyf versamelwerke en vorm, in groter mate as die ander vier, 'n goed samehangende geheel. Die boek is verdeel in vier hoofafdelings, waarvan die eerste een getiteld is "Van die eerste mense tot die eerste nedersettings". Dit bevat afdelings oor die vroeë mense, die Khoisan, die Bantusprekendes en die ontwikkeling van die Kaapkolonie. Die afdelings oor die Bantusprekendes is geskryf deur Manson, 'n spesialis op hierdie terrein. Hy gee 'n kort oorsig van die geskiedenis van die Nguni, Sotho-Tswana en Venda, met verwysing na verskillende van die kleiner groepe, vanaf die begin van die tweede millennium tot ongeveer 1800. Verder behandel hy ook, baie kortliks, bepaalde algemene kenmerke in die ontwikkeling van swart politieke gemeenskappe, soos die prosesse van

88 C Hamilton, BK Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa,* Vol. 1, *From earliest times to 1885* (Cambridge, University Press, 2010) en R Ross, A Mager & B Nasson (eds), *The Cambridge history of South Africa,* Vol. 2, *1885-1994* (Cambridge University Press, 2011).

89 S Hall, "Farming communities of the second millennium : Internal frontiers, identity, continuity and change", *The Cambridge history of South Africa,* Vol. 1, *From earliest times to 1885,* pp. 112-167.

90 J Wright, "Turbulent times: Political transformations in the north and east, 1760s-1830s", C Hamilton, BK Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa,* Vol. 1, *From earliest times to 1885,* pp. 211-252.

91 H Giliomee & B Mbenga (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007).

segmentering en differensiëring, kliëntskap en die versterking van die mag van hoofmanne in die tweede helfte van die agtiende eeu.[92] Hierdie gedeelte is heelwat korter as die twee hoofstukke oor die Kaapkolonie in dieselfde periode, maar nie net 'n baie klein onderdeel soos in die ouer versamelwerke wat hierbo gemeld is nie. Verder word daar in 'n latere hoofstuk oor die Mfecane (die eerste een van hoofafdeling 2, "Van die groot ontwrigtings tot Afrika-nasionalisme"), waarvan Manson 'n medeskrywer is,[93] by die afdelings oor die vroeë ontwikkeling van die Bantusprekende aangesluit. Soos die titel van die betrokke hoofafdeling aandui, word in die boek die hooflyne in die ontwikkeling van die Bantusprekende bevolking vanaf die vroeë periode tot die laat negentiende eeu deurgetrek.

Slegs die werk van Parsons (wat oor 'n groter gebied as Suid-Afrika handel) en *The Cambridge History of South Africa* gee ewe veel of meer aandag aan die buitekoloniale geskiedenis as die koloniale geskiedenis wat betref die tydperk 1650 tot 1800. In die ander werke is die aandag aan die buitekoloniale geskiedenis minder as aan die koloniale geskiedenis en in enkele van die heel nuutste werke word selfs net enkele bladsye daaraan afgestaan. Die feit dat daar in die periode van 1989 tot 2007 tog drie werke verskyn het waarin die buitekoloniale geskiedenis voor 1800 heelwat aandag ontvang en tegelykertyd goed in die geheel geïntegreer is, naamlik dié van Van Aswegen, Parsons en Giliomee en Mbenga, kan as 'n teken beskou word dat die buitekoloniale geskiedenis in toenemende mate deur vakhistorici as 'n belangrike en integrale onderdeel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis behandel sal word.

Samevatting

Hoewel daar in die afgelope vier dekades heelwat navorsing gedoen is oor die ontwikkelinge buite die Kaapkolonie in die periode 1650 tot 1800, is ons huidige kennis oor hierdie geskiedenis baie minder as dié oor ontwikkelinge binne die kolonie gedurende dieselfde periode. Dit blyk ook dat die beskikbare gegewens oor die buitekoloniale geskiedenis voor 1750 besonder skraal is. Die vernaamste veranderinge wat deur die geskiedskrywers na vore gebring word, is die ontstaan, gedurende die periode na 1750, van state of politieke

92 A Manson, "Mense van die tweede millennium" en "Die ontstaan van swart politieke gemeenskappe", H Giliomee & B Mbenga (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika,* pp. 28-39.

93 A Manson, B Mbenga & J Peires, "'n Tyd van onrus en ingrypende verandering", H Giliomee & B Mbenga (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika,* pp. 124-138.

eenhede wat heelwat groter was as wat vroeër die geval was en wat weer tot belangrike ontwikkelinge in die periode na 1800 sou lei. Saam daarmee was daar ook ekonomiese en maatskaplike veranderinge. Heelwat aandag is deur historici gegee aan die moontlike oorsake vir hierdie veranderinge. Dit blyk dat hulle toenemende handel, wat die gevolg was van al groter betrokkenheid van Westerse handelaars by handel met die binneland van Suider-Afrika, as 'n kernelement in die wisselwerking tussen verskillende faktore identifiseer.In 'n belangrike mate is die geskiedenis van Suid-Afrika buite die Kaapkolonie in die periode 1650-1800, en veral die periode 1750-1800, dus reeds een van die Westerse impak op die inheemse bevolking van Suid-Afrika. Wright merk tereg op dat die huidige kennis oor die vroeë geskiedenis van die Bantusprekendes daarop dui dat die geskiedenis van die inheemse inwoners en dié van die Europese koloniseerders in 'n groter mate as tevore saam, as een geheel, bestudeer moet word.[94]

Die ontwikkeling van die Bantusprekende bevolking vorm die hoofbestanddeel in die buitekoloniale geskiedenis in die tydperk 1650-1800, maar daar was ook Khoikhoi- en Sangroepe in die gebied buite die Kaapkolonie woonagtig. Soos in 'n vorige afdeling gemeld, toon Legassick en andere aan dat mense van Khoikhoi- en gemengde afkoms wat uit die Kaapkolonie noordwaarts getrek het, vanaf die agtiende eeu 'n belangrike rol in die in die gebied net noord van die Oranjerivier gespeel het. In die jare na 1800 sou hulle 'n nog groter impak op ontwikkelinge in hierdie gebied hê. Kennis oor Khoikhoi- en Sangroepe wat al voor 1650 in die gebied buite die Kaapkolonie gewoon het, is besonder min. Denoon wys daarop dat daar eeue lank interaksie tussen Bantusprekende, Khoikhoi- en Sangroepe in verskillende dele van die land was sonder dat die basiese leefwyse van enige van die groepe verander het.[95] Dit lyk tog of die Khoikhoi en San al meer randgroepe in die oostelike helfte van Suid-Afrika geword het en dat sommige van hulle in die Bantusprekende gemeenskappe opgeneem is. Peires toon aan dat daar langdurige konflik en ook samewerking tussen Khoikhoi- en Xhosagroepe was, en dat baie Khoikhoigroepe uiteindelik in die Xhosasamelewing opgeneem is.[96] Oor soortgelyke ontwikkelinge in ander

94 J Wright, "Beyond the concept of the 'Zulu explosion'; Comments on the current debate", C Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath...*, p. 109.

95 D Denoon, "Dependence and interdependence: Southern Africa from 1500 to 1800", BA Ogot (ed), *General history of Africa,* band 5, *Africa from the sixteenth to the eighteenth century,* p. 693.

96 JB Peires, *The house of Phalo...,* pp. 13-26.

dele van die land is daar baie min geskryf.[97] Moontlik moet die verhoudinge tussen die Khoisan- en Bantusprekende groepe in die periode 1650 tot 1800 veral gesien word as deel van 'n kolonisasieproses deur die Bantusprekendes, wat al voor 1650 begin het en waarby ander groepe onderwerp en geabsorbeer is.[98] Tegelykertyd was daar in hierdie periode ontwikkelinge, wat, soos in die eerste helfte van die negentiende eeu duidelik sou word, die voorspel gevorm het vir die kolonisasie van albei groepe deur die Europeërs. Hierdie perspektief kom nie duidelik in enige van die oorsigte na vore nie, maar kan moontlik sterker in toekomstige geskiedwerke figureer.

Uit hierdie opmerkings blyk dit dat daar nog verskeie vrae oor ontwikkelinge in die gebied buite die Kaapkolonie te stel is waarop moontlik antwoorde gevind kan word en wat sodoende kan lei tot meer vakhistoriese navorsing, nuwe interpretasies en volledige kennis van hierdie afdeling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

97 Die onderwerping van mense van verskillende herkoms, onder wie San, deur Tswanasprekende groepe word kortliks bespreek in B Morton, "Servitude, slave trading and slavery in the Kalahari", EA Eldredge & F Morton, *Slavery in South Africa...*, pp. 219-222.

98 Vergelyk A Manson, "Die ontstaan van swart politieke gemeenskappe", H Giliomee & B Mbenga (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika,* pp. 33-39.